# Die Christelike Vrou

Dankbaar, diensbaar, geseënd | November-Desember 2022 | Amptelike mondstuk van die NHSV

# Dankbaarheid

**Oor dankbaarheid is al sekerlik net so baie geskryf as oor enigiets anders. Die NHSV se tema van 2022 – *Dankbaar, Diensbaar, Geseënd* – het wonderlike gesprekke en geleenthede tot gevolg gehad. As ons soms net 'n bietjie stil gaan staan en dink oor ons eie lewe, sal elkeen van ons beslis iets kan vind waarvoor ons dankbaar kan wees.**

Ek het altyd baie skepties gewonder oor die Amerikaners se *Thanksgiving*-vakansiedag wat hulle in November hou. My indruk is maar dat hulle baie geneig is tot oordrewenheid. As 'n mens Amerikaanse flieks kyk waar *Thanksgiving* ter sprake is, maak hulle altyd so 'n groot storie daarvan. Tog het hulle sekerlik iets beet.

In my gemeente (Worcester) hou ons elke jaar so teen die einde van Oktober 'n Dankofferfees. Dis nie 'n vreeslike groot gedoente nie, net 'n geleentheid waartydens in die prediking spesiaal aandag gegee word aan dankbaarheid; lidmate wat dit kan doen, 'n ekstra paar rand offergawe gee; en die kerkraad 'n gratis ete aanbied vir almal in die gemeente. Van die kunstige dames doen ook spesiale moeite met rangskikkings voor in die kerk. Tydens gewone eredienste sal iemand dalk 'n bossie blomme uit hul tuin of so iets voor in die kerk sit, maar tydens die Dankofferfees lýk dit sommer soos 'n oesfees.

Met hierdie mooi gewoonte sit ons dus eintlik maar die tradisie van die Amerikaners voort, want *Thanksgiving* is aanvanklik juis gehou om dankbaarheid te wys vir die eerste oeste wat die koloniste uit Engeland in hul nuwe tuiste kon inkry. By ons pas afgelope Dankofferfees het dr Piet van Staden se preek my (weer en soos altyd!) diep getref. Tot so 'n mate dat ek dit volledig in hierdie uitgawe met ons lesers deel. (Dit is een van die dinge waarvoor ek baie dankbaar is – die feit dat ons in hierdie Kerk waar ons 'n tuiste vind, predikers het wat vir ons verstaanbare, relevante en kragtige boodskappe bring.)

Ek is dankbaar vir sovéél – te veel om volledig hier op te noem, maar kom ek noem 'n paar:

- Ek leef. Nie sommer net bestaan nie. Ek het soveel voorregte wat duisende, miljoene ander nie het nie.
- Ek ken die Here – van kleinsaf al. Ek ken Hom en Hy ken my.
- Ek het familie en vriende wat vir my lief is en vir wie ek lief kan wees.
- Ek is relatief gesond met geen groot of ernstige kwale nie.
- Ek het 'n redelike goeie en stabiele werk – iets wat te veel mense nié het nie.
- Ek is bevoorreg om te kan uitsien na my eie huis waarheen ons binnekort gaan trek.
- My ma leef nog en woon by ons in die huis.

So kan ek natuurlik aangaan en aangaan – die lys sal nooit ophou nie.

Hannelie



# Die Here is ons hoop in moeilike tye



# Die Here is ons hoop in moeilike tye

**Dr Piet van Staden**





**’n Tyd gelede sê ’n besoeker na die erediens vir my: Baie gemeentes sukkel en maak toe. Julle is ’n klein gemeente, maar julle bou! Ek antwoord toe dat die Here iewers in ’n moeilike tyd in Israel se geskiedenis vir die profeet Jeremia opdrag gegee het om grond te koop waarop weer gebou sou word.**

Vroeër vanjaar het die kerkraad besluit dat ons mik vir die Dankofferfees in Oktober vir die ingebruikneming van die saal. Toe ek die preek moes voorberei vir vandag, het ek die opmerking van die besoeker onthou en die teks opgesoek, naamlik die gedeelte in Jeremia 32: 8-15 (AFR2020) wat die tema van ons oordenking vandag is.

Ek gee eers ’n bietjie agtergrond. Die Bybel bevat 66 boeke altesaam in die Ou en Nuwe Testament. Elkeen van hierdie geskrifte is ’n stuk geloofsgetuienis wat op ’n bepaalde tyd in die geskiedenis tot stand gekom het. Dit vorm ’n versameling uiteenlopende literatuursoorte wat saamgebind word deur een sentrale tema, naamlik dat hulle handel oor God en mense se geloof in Hom.

Jeremia is natuurlik een van die profetiese boeke in die Bybel. Die kenmerk van ’n profetiese boek is dat die profeet ’n boodskap van God ontvang wat op twee maniere bekendgemaak kan word aan die koning of aan die volk, naamlik deur woorde en dade. Die woorde en dade van die profete kan letterlik verstaan word, of ook simbolies. Ons kom later weer hierna terug.

Jeremia skryf voorafgaande aan en tydens die ballingskap van Israel na Babilonië. Sy eerste profetiese optrede was ongeveer in 626 vC (Jer 1: 1-3) in Juda, en hy profeteer tot na die val van Jerusalem in 586 vC (Jer 41: 1). Die skrywer van wat Jeremia gesê en gedoen het, was die sekretaris Barug. God praat deur Jeremia met sy volk Israel, wat deurgaans ongehoorsaam is aan die opdragte van die Here en daarom op ’n ramp afstuur. Die profeet moet die volk waarsku en oproep om terug te keer na God toe, by wie hul heil lê. Die onheile wat Jeremia aankondig, is bedoel om die volk te laat besef dat hulle dwaal en hulle tot hul sinne te bring vóór die oordeel hulle tref. Maar Israel wou nie luister nie. Die jong koning Sedekia het teen koning Nebukadnesar van Babel in opstand gekom en met Egipte saamgesweer. Toe Jeremia hom waarsku dat hy ’n groot fout maak en dat Israel die stryd gaan verloor en Sedekia self verban sal word, het die koning vir Jeremia gevange laat neem en in die kwartiere van die paleiswag laat aanhou, want, het hy gesê, jy profeteer mos aanhoudend negatief teen my en die volk.

Terwyl hy hier in aanhouding was, berig ons hoofstuk, was koning Nebukadnesar se leër besig om Jerusalem te beleër. In die antieke tyd het baie van die belangriker stede ’n groot skansmuur om die stad gebou om aanvalle van buite af te weer. Hierdie mure was so hoog en dik dat daar selfs kamers binne-in die muur was, en wagtorings en loopplek bo-op waarvandaan die verdedigers aanvalle kon loods op die aanvallers. Om so ’n stad in te neem, was ’n moeilike en duur onderneming. Die aanvallende leër sou eerste ’n afvaardiging stuur om oorgawe te eis. Indien die stad bereid is om belasting aan Babilonië te betaal en nie teen hulle in opstand te kom nie, sou die stad gespaar word sonder bloedvergieting. Hulle het gewoonlik ’n tydperk gekry om daaroor te dink en te besluit. Van die skansmuur af kon die leiers en inwoners elke dag kyk na die 100 000 soldate of meer wat reg rondom die stad ontplooi was en reeds beheer oorgeneem het van die plase met hul oeste en vee wat vir hulle gedien het as proviand. As die stad weier om oor te gee, het die aanvallers dadelik al die toegangsroetes gesluit sodat geen kos die stad kon binnekom nie en niemand kon uitgaan nie. Dan is die water afgesny en het die beleg begin. Die aanvallers het dadelik begin om skuinswalle teen die muur te bou, of hul ingenieurs het oorlogsmasjiene soos katapulte en trebuchets gebou waarmee die muur bestook is met groot

# Die Here is ons hoop in moeilike tye

***Vervolg***



klippe en rotse. In sommige gevalle is dooie karkasse van diere met die katapulte in die stad ingeslinger om siektes te veroorsaak, of houers met brandende materiaal is ingeskiet om brande te veroorsaak.

Koning Sedekia van Juda het vertrou op Egipte om tot sy redding te kom en het geweier om oor te gee aan die Babiloniërs. Daarmee was Jerusalem se lot klaar verseël en het God se straf op Israel 'n werklikheid geword aan die hand van koning Nebukadnesar van Babel.

In hierdie tyd, terwyl hulle wag vir die onvermydelike om te gebeur, kom Jeremia se neef Ganamel na hom toe waar hy in die gevangenis sit. Ganamel smeek hom om sy grond te koop, omdat Jeremia die loskoopreg gehad het op die grond. Levitikus 25: 25 (AFR2020) bepaal: *Wanneer jou broer verarm en van sy erfgrond moet verkoop, moet sy losser wat die naaste aan hom is, kom en die verkoopte deel van sy familielid loskoop.*

Ganamel moes waarskynlik weens finansiële probleme die grond verkoop, of hy het besef dat hy die grond gaan verloor met die oorlog. Dit was in elk geval effektief reeds beset deur die Babiloniese leër wat om die stad ingegrawe was. Daarom kom bied hy dit direk vir Jeremia aan, pleit hy eintlik by die profeet om dit te koop. Jeremia sê in vers 8: *Ek het toe geweet dat dit die woord van die Here was.* Hy besef dat dit nie net 'n familiesaak is nie, maar dat hy hier besig is met 'n profetiese handeling, 'n simboliese daad met dieperliggende betekenis. Daarom koop hy die grond en betaal in silwer wat sorgvuldig afgeweeg word op die skaal. Hy laat Barug die koopkontrak in duplikaat opstel, en hy teken dit saam met getuies. Die een afskrif word verseël en in 'n erdekruik toegemaak. Barug sal dit hou as die oorspronklike. Die ander is 'n oop kontrak om te wys indien daarvoor gevra sou word. Dit sal ook by Barug ter insae wees. Wanneer die transaksie afgehandel is ingevolge alle wetlike voorskrifte, maak Jeremia die simboliese betekenis van die hele handeling bekend (vers 14): *So sê die Here, Heerser oor alle magte, die God van Israel: "Daar sal weer huise, landerye en wingerde in hierdie land gekoop word."*



Liewe vriende, wie koop in 'n oorlogsituasie grond wat reeds onder beheer van die vyand val? Wie werk aan 'n kosbare verhouding wat besig is om te verbrokkel? Wie soek na 'n verdieping in hul verhouding met God in 'n tyd wanneer die kerk kwyn en alles so sekulêr geword het? Wie bly bou aan 'n land wat besig is om in die drein af te spoel? Watter gemeente bou aan terwyl kerke paniekerig spartel om te oorleef?

Dit is dié wat die beloftes van God glo en daarop vertrou. Ten spyte van hoe haglik dit lyk; ten spyte daarvan dat ons onder beleg is en die bykans onvermydelike afwag, is die onvermydelike nie die toekoms nie, en nie die enigste uitsig nie. Daar is hoop vir ons. Die koopkontrak is geteken, tot in die fynste besonderhede. Die toekoms is in God se hande. So sê die Here, Heerser oor alle magte.

# Ons vrouedosente in teologie



# Ons vrouedosente in teologie

*Ds Hannelie Botha*

**In verlede maand se uitgawe het ons kennis gemaak met twee van ons Kerk se vrouepredikante wat voltyds in die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria aangestel is: prof Tanya van Wyk en dr Annelie Botha. Hierdie maand ontmoet ons prof Ananda Geyser-Fouché.**



Prof Geyser-Fouché is verbonde aan die Departement Ou Testamentiese Studies en Hebreeuse Geskrifte. Sy sê haar loopbaan is gebou op die onversadigbare dors na meer kennis. Dit, volgens haar, is die sleutel tot navorsing en nagraadse studies.

Ananda stel haarself voor:

"Ek het grootgeword as 'n plaaskind in die Naboomspruit-distrik. Ek het opgegroei in die Hervormde Kerk en het aan die voete van my twee dierbare ouers geleer van God asook van sy genade en liefde. Uit hul voorbeeld het ek geleer hoe 'n persoonlike verhouding met die Here behoort te lyk. Hul rykdom is nederigheid, liefde vir God en vir mense. Ek het gematrikuleer aan die Hoërskool Hans Strijdom. In 2006 tree ek in die huwelik met Colin Charlton Fouché en word die kitsma van twee pragtige kinders – Colin (tans 29) en Abigail (tans 26). In Junie 2009 word ons gesin nog 'n seuntjie (Geyser) ryker. Ons oudste twee kinders het albei onderwys studeer en is albei reeds uit die huis. Colin is tans 'n onderwyser by Afrikaans Hoër Seunskool. Abigail is getroud met Andries Bruwer en hulle het 'n pragtige seuntjie, Auldrigh, wat nou net so oor 'n jaar oud is en wat my 'n ouma maak!

My gesin en gesinstyd is vir my baie kosbaar. Ons gesin verkies om privaat te wees en sal eerder die kollig vermy.

Aan die Universiteit van Pretoria verwerf ek al my tersiêre kwalifikasies. Nadat ek my BD-graad in 1996 voltooi het, begin ek deeltyds werk by die Universiteit van Pretoria in die afdeling Finansies (ek is later voltyds aangestel). Die werk by die Universiteit van Pretoria het handig te pas gekom terwyl ek my nagraadse studies voltooi het. Ek het 'n MA-graad in Semitiese Tale in 2002 verwerf en in 2006 'n PhD in Ou Testamentiese Studies. In 2007 verwerf ek 'n Nagraadse Sertifikaat in Hoër Onderwys en in 2021 'n tweede doktorsgraad – dié keer in Semitiese Tale.

In Augustus 2012 aanvaar ek die pos as senior lektor by die Fakulteit Teologie en in Januarie 2020 word ek bevorder tot medeprofessor. Ek is verantwoordelik vir die dosering van modules in die Departement Ou Testamentiese en Hebreeuse Geskrifte wat grootliks oorvleuel met my navorsingsveld(e). Hierdie modules sluit modules in Bybelse narratiewe en geskiedskrywing in en fokus veral op die boeke Kronieke, Esra, Nehemia en Rut. Ander modules is in Wysheidsliteratuur (insluitend boeke soos Job, Spreuke en Prediker) en in apokaliptiese literatuur, soos die boek Daniël en 'n oorsig oor die apokriewe apokaliptiese literatuur (soos Henog, Barug en Qumran-literatuur). My navorsingsbelangstelling is veral gefokus op studies in Qumran-geskrifte (Dooie See-rolle) wat dan ook behels dat baie van my navorsing meer tussen-testamentêr is. Ek was die mederedakteur van twee internasionale boeke, wat ek in samewerking met prof John J Collins gepubliseer het, spesifiek op die gebied van Qumran. Op 24 Oktober 2022 ontvang ek die dekaan se merietetoekenning vir uitnemende navorsing.

Ek het 'n passie vir die Hebreeuse tekste en deel dit graag met studente

# Ons vrouedosente in teologie

*Vervolg*

en kollegas. Om 'n voltydse dosent, navorser, eggenoot, ma en ouma te wees, het vir seker uitdagings en party dae voel ek bietjie soos 'n sirkusnar wat al die balle in die lug probeer hou, maar met genade, insig en leiding van Bo, kry ek dit min of meer reg...

Ek beskou myself as iemand wat by uitstek selfgemotiveerd kan werk, en glo dat 'n mens alles wat jy doen tot eer van God doen en nie om mense te behaag nie. Ek glo nie daaraan om op te gee nie en sal nooit 'n saak, taak of projek in die helfte staak nie. Ek floreer op uitdagings om nuut, innoverend en kreatief te dink en glo dat ek met God se krag tot enigiets in staat is."


(Artikel saamgestel uit onder andere inligting soos verskaf deur prof Ananda self en wat op die sosiale media van die Fakulteit geplaas is.)





# Barmhartigheidsdiens
## in die Hervormde Kerk





# Barmhartigheidsdiens
## in die Hervormde Kerk

**Wilna Gates, Voorsitter: Algemene Diakensvergadering (ADV)**

**Tydens die 73ste Algemene Kerkvergadering van 2 tot 6 Oktober 2022 is verskeie belangrike besluite geneem. Sommige daarvan noodsaak selfs dat die Kerkorde aangepas moet word.**

Een van díe belangrike besluite is die verandering in die hantering van die Kerk se diensorgane.

Die benamings diensorgane, diakonale diensorgane en organe van bystand word verander na *Niewinsgewende Organisasies (NWO's) betrokke by die NHKA* en bestaan uit die NHSV (NWO), die Kinderhuise van die NHKA (MSW), Rata Maatskaplike Dienste (MSW), Ons Tuis (MSW), Plesion (MSW) en TOIBO (NWO). Die Kerkorde word dienooreenkomstig aangepas.

Die NWO's en regsentiteite (MSW's) wat by die NHKA betrokke is, verleen bystand aan die NHKA in die uitvoering van ons Christelike roeping tot barmhartigheid deur –

- die versorging van sorgafhanklike kinders deur die Kinderhuise van die NHKA (MSW);
- die onderrig aan kinders met spesiale onderwysbehoeftes deur TOIBO (NWO);
- maatskaplike dienste deur Rata Maatskaplike Dienste (MSW);
- die versorging van ouer persone deur Ons Tuis (MSW);
- die ontwikkeling van volhoubare befondsing deur Plesion (MSW); en
- die versorging van persone in nood deur die NHSV (NWO)

deur gebruik te maak van –

- eie befondsing;
- bydraes vanaf die NHKA;
- individuele donateurs en ander skenkings;
- fondswerwingsaksies; en
- staatsubsidies.

Die bovermelde NWO's en regsentiteite funksioneer as onafhanklike organisasies sonder winsoogmerk kragtens die toepaslike wetgewing.

Die Raad van Finansies en die Kommissie van die ADV is deurgaans in gesprek met die onderskeie NWO's en regsentiteite om terugvoer te gee oor werksaamhede van die betrokke organisasies ten dienste van die Kerk. Die NWO's en regsentiteite lewer jaarliks verslag aan die Kerk oor hul werksaamhede via die ringsvergaderings, in die vorm van 'n jaarverslag. Die essensie van elke organisasie en regsentiteit se werksaamhede en behoeftes word vervat in die verslag.

**Niewinsgewende Organisasie (NWO):**

Byvoorbeeld 'n vereniging met 'n bestuur.

**Maatskappy Sonder Winsbejag (MSW):**

Byvoorbeeld 'n geregistreerde maatskappy met maatskappynommer en direkteure. Artikel 21-maatskappy. 'n Maatskappy sonder Winsbejag is 'n *Nonprofit Company (NPC)* en word geregistreer by die Companies and Intellectual Property Commission (CIPC), en aan die einde van die naam staan *NPC*, byvoorbeeld Ons Tuis NPC.

# Barmhartigheidsdiens
## in die Hervormde Kerk

**Wilna Gates, Voorsitter: Algemene Diakensvergadering (ADV)**


Die NWO's en regsentiteite ondersteun mekaar onderling as medewerkers in ons gesamentlike barmhartigheidsroeping. Die voorsitters en besturende direkteure of bestuurders van die verskillende organisasies onderneem om twee maal per jaar byeen te kom om onderlinge ondersteuning te bespreek.

Die NWO's en regsentiteite gee op 'n deursigtige en verantwoordbare manier inligting aan die Kerk, ten einde die Kerk, en spesifiek die gemeentes, op die hoogte te hou van die werk van die betrokke NWO, en ook om terugvoering te gee en dank te betuig vir bydraes wat vanuit die Kerk ontvang is.

# NHSV sake en inligting

**Lééf die Liefde**

***Laat julle lig só voor die mense skyn...* (Matteus 5: 16)**



# NHSV sake en inligting

## Lééf die Liefde

***Laat julle lig só voor die mense skyn...* (Matteus 5: 16)**



### 49ste NASIONALE KONGRES 2023

Die dames word daaraan herinner dat die 49ste Nasionale Kongres in 2023 plaasvind. Beplanning word reeds gedoen en takke word gevra om nou reeds te beplan en te begroot daarvoor, aangesien dit 'n hoogtepunt op ons 2023-kalender gaan wees. Verdere inligting sal vroeg in 2023 aan takke deurgegee word.

Datum: 23-25 Junie 2023

Kongres: Batterboys, Pretoria

### NHSV STUDIELENINGSFONDS



Die sluitingsdatum vir NHSV Studieleningsaansoeke is 15 Januarie 2023. Die aansoekvorms en besonderhede is reeds op die webwerf www.nhsv.org.za onder dokumentasie – pro forma-dokumente beskikbaar. Die NHSV sal dit waardeer indien u hierdie inligting ook in u gemeentes kan versprei.

Gedurende 2022 is R378 000 oorbetaal aan 36 Hervormde studente vir tersiêre studies in verskeie rigtings. Baie dankie aan gemeentes wat gedurende Februarie 2022 bydraes gelewer het met die jaarlikse deurkollekte ten bate van die NHSV Studieleningsfonds, om hierdie fonds te kan versterk.

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), dr Piet van Staden, prof Ananda Geyser-Fouché, Wilna Gates**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| *www.nhsv.org.za* | ***Posbus 111, Worcester 6849*** | *diechristelikevrou@gmail.com* |
| *diechristelike* | *Christelike Vrou* | ***082 923 9439*** |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***